

## PROFIEL

# Diereskete holisties behandel

Toe haar sindelike kat ná vyf jaar skielik in die huis begin pieps, het **Heidi Sonnekus** gaan hulp soek – en kennis gemaak met **Anuska Viljoen**, 'n holistiese veearts.

Die skugter Flaffie het oor verskeie maande al hoe vreemder opgetree. Die laaste druppel aan die emmer was toe ek met gaste in die sitkamer sit en kuier en die Flaf-dier instap, my oog tref – en hóú – en net daar plas.

Ek gaan klop toe aan by dr. Anuska Viljoen (45) van Sedgefield, een van min veeartse in Suid-Afrika wat daarop aanspraak kan maak dat haar praktyk holisties en geïntegreerd na diere kyk.

Anuska het al as kind die geselskap van diere bo dié van mense gekies en is Onderstepoort toe. In 1994 het sy met twee splinternuwe grade in haar sak by die People's Dispensary for Sick Animals (PDSA) in Soweto gaan werk.

Al is Anuska net 'n outydse terekie en 'n baksteen hoog, was sy nooit bang nie, al was dit in die tyd van townshipgeweld en halssnoermoorde, en al is die PDSA 'n paar keer beroof – die laaste keer deur manne met AK47-masjien-gewere.

“Ons het geweet die roers wou net geld hê. 'n Mens doen maar wat hulle beveel só dat jou hande steriel bly en jy verder kan opereer sodra hulle weg is,” vertel sy droog.

In Soweto het sy die kans gekry om puik ondervinding op te doen, operasies te ervaar en 'n gesonde respek te ontwikkel vir die moeite wat brandarm mense vir hul diere doen.

“Die PDSA bespreek die kostes van die operasie met die armste-van-arm kliënte en kom ooreen op wat bereikbaar is. Dit het my beïndruk hoe getrou die mense betaal nadat hulle hul woord gegee het. Die dier is lankal gesond, dan bring hulle nog maandeliks die R10- of R20-paaiement. Dis iets wat, hartseer genoeg, nie in meer welaf gemeenskappe vanselfsprekend is nie,” sê sy.

Intussen het sy agtergekom dat sy in 95% van die gevalle waarmee sy werk, net antibiotika en anti-inflammatoriese medisyne kon voorskryf om die dier te help. Dit het haar gefrustreer dat daar selde tyd of geld was om aandag te gee aan die subtieler langtermyn-oorsake van siektes, of voorkomende medisyne.

**Van Soweto na Surrey**  
Twee jaar later is Anuska na Guildford in Surrey, Brittanje.

In die dorp was 'n groep mense-dokters wat in hul holistiese mediese praktyk konvensionele medisyne gekombineer het met 'n reeks homeopatiese, alternatiewe en komplementêre mediese modaliteite. Anuska is genooi om die konsep te kom waarneem.

Dit was in die middel-negentigerjare. Sy was jonk, sy het niks van die veld geweet nie, en sy wil altyd meer leer.

Sy het deel geword van die Oxford Homeopathic Physicians Teacher Group



Dr. Anuska Viljoen besig met akupuntuur op die kat Pantai. Dié tegniek word “circling the dragon” genoem. Foto: HEIDI SONNEKUS

**Dis asof sy in die dier se lyf klim en daarbinne Sherlock Holmes speel.**

en kennis gemaak met “uiters intelligente, inspirerende mense, passievol daarvoor dat liggaam, siel én gees in ag geneem moes word in geneeskunde”.

Sedertdien het Anuska 'n knapsak vol alternatiewe, energie- en komplementêre mediese kwalifikasies en ervaring bymekaargemaak, onder meer in homeopatie, akupuntuur, mediese voeding, kruiemedikasie, magnetterapie, Reiki, genesing met kristalle, EFT (*emotional freedom techniques*) en Journey-terapie.

“Elke nuwe ding maak dat ek nóg 'n bietjie insig het in die dier se probleem – en baie keer sy versorger s'n ook. Want laasgenoemde se persoonlike bagasie speel natuurlik 'n enorme rol in die dier se psige en siektes.”

**Sedgefield se Sherlock**  
Terug in Suid-Afrika het sy haar in Sedgefield gevestig. Hier werk sy nou al jare lank op haar eie; haar metodes die tydgees dekades voor.

Sy het haar praktyk begin in die “perdjehuis” in die dorp se hoofstraat. Anuska, Mandala Health en Simply Pets het lankal plaaslike landmerke geword.

“Uitstekende resultate gevoel aan eie bas en dié van my dogter Keira (5) het gemaak dat ek die tegnieke ook op diere begin gebruik het,” verduidelik sy. Met groot sukses.

“Baie keer was die kombinasie van twee tegnieke baie effektiewer as bloot die som van die modaliteite – en die resultate skouspelagtig.”

In die prosen het haar benadering heeltemal verander – iets wat nogal 'n kopskuif verg as 'n mens nog net konvensionele veeartsenykunde beleef het.

Dis asof sy in die dier se lyf klim en daarbinne Sherlock Holmes speel: Watter fisieke pyne of verandering van omstandighede sou die dier juis op hierdie manier affekteer? Wat eet die dier?

“Die meeste van ons voer ons huisdiere net kommersiële supermark-gehalte-blokkies: dus graankos vol chemikalieë,

al is hul troeteldiere karnivore (vleisvreters) of omnivore (allesvreters). Ons dwing 'n voedingstof-arm gemorskos-dieet aan hulle op. Nou ontwikkel 'n onnatuurlike mengsel van flora in die dier se gedermtes – en die dier gaan oor jare agteruit omdat die liggaam jare lank sonder sekere voedselsoorte moet klaarkom,” verduidelik sy.

Die grootste verskil tussen haar benadering en hoofstroom-veeartseny demonstreer sy in haar benadering van Flaf se probleem.

In die deeglike konsultasie – dit duur ongeveer 'n uur per pasiënt – vra sy wyd uit en luister met aandag. Kan dit wees dat nuwe omstandighede Flaffie ontstig?

Inderdaad – die probleem het begin toe ons onbepland twee nuwe (s)katties aangeneem het. Hulle het blitsig aangepas en heerlik in ou tante Flaf se persoonlike ruimte gekaperjool.

Flaffie het haar gewip, in die solderbalke gaan woon en net afgekom om iewers onvanpas te pieps.

“Dink jy Flaffie voel dat die jongelinge ongenooi haar woning en haar plek in jou hart oorgeneem het? Miskien onseker, verwerp, ongelief en hartseer? En ná maande van onnatuurlike blaasaktiwiteit het sy teen hierdie tyd waarskynlik 'n blaasinfeksie ook,” het Anuska gediagnoseer, en met toetse bevestig.

Kyk 'n mens só daarna, huil jy in jou hande vir die arme Flaf, wat, teen haar higiëniese grein in, al máánde vir jou noodseine stuur.

Anuska het Flaffie se geïrriteerde blaasvoering behandel met een van haar eie produkte en haar seer hart homeopatiese aangerooier.

Ons het haar dieet 'n rukkies aangevul met kos wat Anuska berei en in bevrore porsies verkoop.

Twee weke later kon ek my katpiepspatrollies aflas.

## Wenke van 'n holistiese veearts

- Moet nooit jou dier se eetpatroon oornag drasties verander nie; dit kan jou dier ontstel. Maar dit is nodig dat jy 'n dieet van kommersiële supermark-gehalte-blokkies aanvul as jy jou dier gesond wil hou.
- Begin deur elke tweede dag bietjie-bietjie rou kos by te voeg vir groter voedingswaarde en om jou dier aan nuwe smake en teksture gewoond te maak.
- Begin met 'n handvol fyngerasperde wortels die dag as jy slaai maak, of kap die stingels/blare van die groente wat jy vandag vir jou gesin gaan kook, lekker fyn. Roer deur die blokkies met 'n lepelvol fyn maalvleis of

“saagsels” van jou plaaslike slagter, en 'n bietjie klapper- of olyfolie (nië kookolie nie) vir 'n blink pels.

- Let op waarvan Wagter of Kietsie hou, en pas aan: 'n bietjie minder blokkies, 'n bietjie meer groente totdat jy die balans vind vir jou dier en jou kookgewoontes.
- As jy meer wil weet van die beskikbaarheid van roukos vir diere, gaan loer by [www.simplypets.co.za](http://www.simplypets.co.za) na wat Anuska se Simply Pets-reeks bied. Daar is 'n reeks van bevrore rou-etes in porsies op bestelling beskikbaar, met aflewering in sekere dele van die land; en haar eie reeks homeopatiese doepas wat 'n mens vir jou

mens- én dieregesinslede kan gebruik.

- Simply Natural se Injury Remedy is nuttig: Dit help vir enige besering of trauma. Sit 'n paar korrels onder die tong – of in jou huismaat/dier se kies as ta weet van bek toekny.
- Vir seerplekke, skrape, bytplekke en ontstekings gebruik jy Hypercal-room. Vir kneusing en blou kolle is daar die Bruising-room.
- Hou Simply Pets se Snake Bite Remedy byderhand as jou gesin baie gaan stap op 'n plaas woon. Gooi elke paar minute druppels in die pasiënt – mens of dier – se keel af totdat jy by 'n veearts of hospitaal uitkom.



“Arme Flaffie. Was dit seer?” Dr. Anuska Viljoen van Sedgefield – een van min holistiese veeartse in die land – gesels met die sensitiewe plaaskat Flaffie oor haar ongemaklike pieps-probleem. Foto: EMILE SONNEKUS